

Geagte Ouers

VERANDERING VAN SKOOLDRAG VIR 2020

Na vele versoeke van ouers die afgelope paar jaar het die beheerliggaam van Laerskool Charlo besluit om ons skooldrag te hersien. **Die aanpassing van die skooldrag sal oor n twee jaar tydperk ingefasseer word. Die nuwe uniform sal eers vanaf Januarie 2022 verpligtend wees**

Redes vir hersiening van skooldrag is soos volg:

- Ons huidige skoolklere lyk baie informeel en soms bietjie onnet wanneer ons leerders gaan vir deelname aan onder andere kunswedstryde, kooroptredes, spelkompetisies en funksies waar provinsiale klere aan spanne oorhandig word.
- Ons gholfhempies raak gou lelik en ons sukkel om n goeie kwaliteit te kry waar die kragie en die hempie dieselfde kleur is.
- Ons glo dat die nuwe uitrustings goedkoper vir die ouer sal uitwerk, aangesien die meerderheid van die seuns se klere by enige verskaffer in die stad gekoop kan word.
- Die dogters se skort laat sommige van ons dogters ongemaklik en selfbewus voel.

SAMESTELLING VAN NUWE UNIFORM:

DOGTERS:

SOMER:

- Skoolrok met kort wit kouse en swart skoene
- Skoolbaadjie met of sonder skooltrui
- LO klere: Huis T-hemp en wit kortbroekie vir Gr R tot Gr 5; Gr 6 en 7 dogters dra Huis T-hemp met vloodblou sportkort; Almal dra oorwegend wit tekkies; Leerders kom in LO klere skool toe op die dae wat hulle LO het (skoolsweetpak is opsioneel op LO dae)
- Skoolsweetpak sal verpligtend wees vir sportdae
- Sportsak en skooltas met skoolwapen
- Wit haarbykomstighede

WINTER:

- Skoolrok met lang grys kouse (te koop by klerebank) en swart skoolskoene
- Skoolbaadjie met of sonder skooltrui (Skooltrui mag nie in die winter sonder n baadjie gedra word nie)
- LO klere: Soos in somer, maar skoolsweetpak is verpligtend in die winter
- Wit haarbykomstighede
- Sportsak en skooltas met skoolwapen

SEUNS:

SOMER:

- Wit kortmouhemp met skoolwapen (skoolwapen te koop by klerebank)
- Grys kortbroek
- Skoolbaadjie met of sonder trui
- Swart skoolskoene met lang grys kouse
- LO: Wit kortbroekie met Huis T-hemp en oorwegend wit tekkies (skoolsweetpak is opsioneel op LO dae)
- Sportsak en skooltas met skoolwapen
- Skoolsweetpak verpligtend op sportdae

WINTER:

- Wit langmou- of kortmouhemp met skoolwapen en skooldas
- Skoolbaadjie met of sonder trui (Trui mag nie in winter sonder die baadjie gedra word nie)
- Grys skoolbroek (lang- of kortbroek)
- Swart skoolskoene
- LO klere: Soos in somer, maar skoolsweetpak is verpligtend in die winter
- Sportsak en skooltas met skoolwapen

Klere kan by Sonette Spangenberg aangepas en bestel word. Die klerebank is elke Dinsdag en Donderdag vanaf 08:00 tot 13:00 oop vir ouers wat gedurende die dag wil kom bestel. Nuwe klere sal eers vanaf 3 September vir aanpas beskikbaar wees. Die klerebank sal ook op 4 en 5 September oop wees tussen 17:30 en 19:30 vir ouers wat nie bedags kan kom nie. Skakel asb die kantoor (041 367 1172) om vir een van die aande n afspraak te maak.

NB: 'n 50% Deposito (kontant betaling) is betaalbaar met die plaas van die bestelling en die balans (ook kontant) is betaalbaar by ontvangs van die klere.

Aangeheg is n voorlopige pryslys van die verskaffer. Die pryse mag verander na die einde van Oktober toe. Enige veranderinge sal so spoedig moontlik gekommunikeer word.

Groete

Almorie Daniell
Skoolhoof